# LAER VOLKSKOOL

## GRAAFF-REINET

**NUUSBRIEF**
**Nommer 40**
**4 Desember 2019**

## UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

**EINDE VAN VIERDE KWARTAAL**
Aan elke ouer, leerling en personeellid wens ons ‘n geseënde Kerstyd en Nuwe Jaar toe. Mag u elkeen die Here se genade en liefde gedurende hierdie feesseisoen beleef en ‘n heerlike vakansie geniet.

Dankie ook aan elkeen wat op die een of ander wyse by Laer Volkskool betrokke was of ‘n bydrae gemaak het. Dit word opreg waardeer.

**LOOTJIEVORM – RUGBYTRUI**
Baie dankie vir almal wat so mooi gehelp het om lootjies te verkoop. Ons het die mooi bedrag van R49 230 ingesamel. Ons gaan die geld vir die verbetering van die personeelkamer aanwend. Baie geluk aan Jayden Forbes, Gr 1.1 wat die geraamde trui gewen het!

**SKOOL OPEN**
Die skool open op **Woensdag, 15 Januarie 2020 om 08:00**. Die dag sal begin met ‘n saalbyeenkoms waarby ouers ook meer as welkom is.

**2020 KLASINDELINGS**
‘n Ernstige beroep word tot ons ouers gerig om asseblief nie met versoeke te kom of die proses te probeer beïnvloed nie. Dit maak die taak vir ons onmoontlik. Die 2020 klasindeling is een van die belangrikste oefeninge waaraan ons baie aandag gee.

**ATLETIEK**
Aangesien die eerste Sone Atletiekbyeenkoms alreeds op 25 Januarie 2020 plaasvind, is ons genoodsaak om die Kleure-atletiekbyeenkoms reeds baie vroeg in die eerste kwartaal te hou.

**Kleure-Atletiek Baanitems**
20 Januarie 2020 08:00 – 14:00

Ouers wat sal kan behulpsaam wees in die snoepie of as beampte op 20 Januarie moet asseblief hulle name aan Brenda deurgee. Baie dankie by voorbaat.

**Kleure-Atletiek Velditems**
21 Januarie 2020 14:00 – 16:00

**Oefeninge**
**Gr 1 – 3 (o.7 – o.9)** Leerlinge sal gedurende skooltye oefen van 15 Januarie 2020 tot 22 Januarie 2020. Daarna sal oefeninge soos op Sportprogram geskied.
**Gr 4 – 7 (o.10 – o.13)** Leerlinge sal slegs velditems op 15 en 16 Januarie 2020 oefen: 15:00 – 17:00.

**Sportprogram**
Die Sportprogram sal vanaf 22 Januarie 2020 gevolg word.

**EPOS**
Daar is ‘n epos as kommunikasie tussen die ouers en die beheerliggaam geskep. Die adres is lvsbl1820@gmail.com, indien u enige navrae aan die beheerliggaam wil rig. Navrae in verband met koshuisaangeleenthede kan ook na hierdie epos gerig word. Dit sal deurgegee word aan mnr Hendrik Wolfaardt.

## SPORT

**SWEM**
**B-groep gala – 16 November 2019**
Ons swemmers het aan ‘n B-groep (50m) gala deelgeneem te Port-Elizabeth. Die uitslae was as volg:

| Naam van leerling | Rugslag | Vryslag | Borsslag | Vlinderslag |
|---|---|---|---|---|
| Zenicke van Schalkwyk | 1ste plek | 1ste plek | | |
| Francois Naudé | 12de plek | 16de plek | 9de plek | |
| Louis de Wet | 12de plek | 16de plek | 9de plek | |
| Elné Viljoen | | 11de plek | | |
| Aiden Thiart | 4de plek | 5de plek | 2de plek | 8ste plek |

Baie geluk met pragtige uitslae!

**GEDAGTE VIR DIE WEEK**

*GESKENKE VAN KERSFEES*

*God moet deel wees van elke geskenk*
*wat jy in hierdie tyd gee,*
*en dit kan gebeur as jy elke dag*
*sy liefde in oorvloed bestee.*

*Spreuke 18:16*

D. Joubert (Skoolhoof)
Epos: *hoof*@laervolkskool.org
Tel: 049 8910803